DIE LAM TOE WORD DIE LAM NOU

Uitkomste

Om VCSV-lede te laat besef:

1. Wat die verband tussen die lam van die Ou Testament en die Lam van die Nuwe Testament is.
2. Dat iets / Iemand moes sterf om versoening vir ons sonde te bewerk.
3. Dat die betekenis van Paasfees elke mens voor ’n keuse stel; maar ook
4. Dat dit ten diepste die Paasgebeure is wat maak dat ons met veerkragtigheid kan lewe!

Raamwerk ⌛ (40 min)

Aktiwiteit 1: Die lam van God en Die Lam van God. Kort dramas wat die rol van die lam en Jesus as Die Lam uitbeeld.

Aktiwiteit 2: Staan jou naam in die regte boek geskryf? Die betekenis van Paasfees vir ons persoonlik word ontdek.

Aktiwiteit 3: Jy, Jesus en jou gedagtes. Meditasie oor elkeen se eie lewe.

Hulpmiddels

1. Dramatjies wat vooraf ingeoefen is.
2. Bybels.

VCSV UCSA est. 1896 Verander Lewens Transforming Lives

Vir die Geestelike leier

Groot groep/Kleingroep

Die lam van God en Die Lam van God ⌛ (20 min)

Kort dramas wat die rol van die lam en Jesus as Die Lam uitbeeld.

1. Identifiseer vooraf ’n groepie tieners wat ’n studie maak van die volgende Skrifgedeeltes: Eks 12, Lev 16:20-22, Joh 1:29, Matt 27:32-44 en Op 5.
2. Hulle moet dit deeglik voorberei sodat hulle, deur dit op te voer, die rol en funksie van die lam en Die Lam uitbeeld.

3. Dit moet as't ware vyf toneeltjies wees wat die een na die ander afspeel. (Gebruik die Bybel se beskrywing as teks).
4. Laat 4 tieners die eerste 4 gedeeltes nou in die groep voorlees.
5. Laat die ouens in kleingroepies die verband tussen die dramas/tekse bespreek. Verduidelik die betekenis van die dramas wat die verband lê tussen die lam van die Ou Testament en Die Lam van die Nuwe Testament om die betekenis vas te lê.

Staan jou naam in die regte boek geskryf? ⏳ (10 min)

Die betekenis van Paasfees vir ons persoonlik word ontdek.

1. Gee geleentheid dat hulle in hul groepe oor die betekenis van Paasfees gesels.
2. Beklemtoon die feit dat 'n soenoffer nodig was. Wys op die ryke wonder van Hebr 9:12,14, 22 en 28; 10:1 en 19-23 en maak seker dat hulle die betekenis verstaan.
3. Die lam in die Ou Testament het na Jesus gewys wat as Die Lam sou kom om versoening tussen God en mens te bewerk. Soos in die geval van die Ou Testament, is almal sonder 'n lam, sonder versoening. **Geen Lam in jou lewe, geen versoening vir jou lewe.**
4. Lees Op 5:3,8,12 en 13 en vra "Is jou naam in die boek van die Lewe opgeteken?" Gee geleentheid dat tieners in stilte die vraag beantwoord. (Moedig hulle aan om sommer nou 'n afspraak vir 'n persoonlike gesprek met jou as geestelike leier, 'n onderwyser of hul kleingroep-leier te maak as hulle onsekerheid hieroor beleef.)

Jy, Jesus en jou gedagtes ⏳ (10 min)

Meditasie oor elkeen se eie lewe.

1. Die tieners kry geleentheid vir stilgebed waarin hulle by hernuwing dink oor:
   1.1 Wat dit Jesus gekos het om vir my aan die kruis te sterf!
   1.2 Wat die betekenis hiervan vir elkeen persoonlik is.
   1.3 Gee hulle geleentheid om alles te bely wat hulle doen wat Jesus seermaak.
2. Moedig hulle ook aan om hul ervaring van die oomblik met mekaar te deel en in hul groepies met gebed af te sluit.
3. Sluit af met 'n paar aanbiddingsliedere.